191. A.1 (3)

# DIE ARGIEFJAARBOEK VIR SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

## ONTSTAAN EN VROEGSTE JARE

Deur Prof. H.B. Thom

Dit is vandag nie meer nodig om met 'n veelheid van woorde die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis bekend te stel nie. Vrywel iedere belangstellende, lesende Suid-Afrikaner ken hierdie publikasie en weet dat daarin oorspronklike bydraes oor ons geskiedenis verskyn.

Die student, die navorser en die dosent wat met ons geskiedkundige bronne werk, ken die Argiefjaarboek begryplikerwyse baie beter. Hy weet bv. dat dit reeds baie jare gelede ontstaan het, dat dit 'n groot aantal - en 'n groot verskeidenheid - bydraes oor ons geskiedenis bevat, dat dit 'n geskikte, waardige publikasie-medium vir navorsers is, dat dit reeds 'n reeks van tientalle lywige bande omvat, en dat dit ongetwyfeld een van ons allervernaamste amptelike publikasies geword het. Jongere werkers aanvaar die Argiefjaarboek as so 'n vanselfsprekendheid dat hulle nouliks daaraan dink dat daar 'n tyd was toe ons sonder hierdie metgesel van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywer moes klaarkom, en dat dit oorleg, moeite en stryd gekos het om hom daar te stel en in die moeilike beginjare staande te hou.

Ons het hier te doen met 'n stukkie geskiedenis wat nie so maklik in die vergetelheid moet geraak nie. Daarom voldoen ek graag aan die versoek van die redaksie van die Suid-Afrikaanse Argiefblad, nl. om , aangesien ek self baie nou met hierdie stukkie geskiedenis gemoeid was, 'n bydrae te lewer „oor die ontstaansgeskiedenis van die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis".

Soos ons maar gewoonlik in verband met belangrike nuwe sake van dié aard vind, het ook in hierdie geval verskeie persone en instansies daarmee te doen gehad. Maar dikwels het die eerste inisiatief, die „idee", van 'n bepaalde persoon gekom, en soms was

/dit ............

dit ook juis daardie persoon wat die eerste dryfkrag verskaf het om die idee in werklikheid om te sit. Só was dit ook met die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

Laat ons dit maar dadelik sê: Die man wat met die idee gekom het, die man wat hom geen rus gegun het voordat die idee werklikheid geword het nie, die man wat hom selfs daarna nog onverpoos beywer het om blywende sukses te verseker - hierdie man was wyle prof. dr. J.L.M. Franken, bekende geskiedkundige navorser en hoof van die Departement van Frans aan die Universiteit van Stellenbosch gedurende die jare 1919 - 1955.

Prof. Franken en ek het mekaar baie goed geken. As eerstejaar-student het ek sy klasse bygewoon; as jong navorser het ek teenoor hom gesit en werk in die ou Kaapse Argief daar onder in die kelder-verdieping van die Parlementsgebou; as lektor in Geskiedenis - toe ek die onvergeetlike wyle prof. W. Blommaert behulpsaam was - het ek meermale leiding en aanmoediging van prof. Franken ontvang; as jong professor het ek in prof. Franken 'n geesgenoot, bondgenoot en ge-waardeerde vriend gevind.

Kort na die Junie-vakansie in 1937 - ek was toe anderhalf jaar professor - ry prof. Franken en ek weer, na 'n dag se werk in die Kaapse Argief, laat een middag per trein terug Stellenbosch toe. Be-gryplikerwyse het die gesprekke oor ons werk, en meer bepaald oor die dag se „oes", gegaan. Prof. Franken het naderhand, soos hy ook al meermale vantevore gedoen het, gepraat oor die gebrekkige moont-likhede vir publikasie van geskiedkundige werk in Suid-Afrika. Ons het wel die Van Riebeeck-Vereniging, maar dié gee net geskiedkundige bronne uit, en nie dissertasies of ander verhandelinge nie, en dan ook maar net één per jaar; ons het die moontlikheid van geldelike steun van die (destydse) Navorsing-Toekenningsraad van die Regering, maar dié steun is so beperk dat dit in werklikheid vir navorsers maar min beteken; en ons het ook die moontlikheid van publikasie in

/ buitelandse .........

buitelandse - veral Nederlandse - geskiedenis-tydskrifte, maar ook hier is die kanse maar min en skraal.

Die gevolg is dat baie verdienstelike stukke werk in laaie of op rakke van navorsers bly lê, en dat navorsers in hoë mate verstoke bly van die verrykende, bevrugtende beinvloeding wat hulle op mekaar se werk kan laat geld. Dit beteken ook dat een van die vernaamste middele om 'n gevoel van geestesgenootskap, iets wat vir navorsers op alle gebiede so 'n noodsaaklikheid is, onder Suid-Afrikaanse historici te skep en te versterk, ontbreek het. Dit was 'n toestand wat nie langer kon voortduur nie, daarvan was prof. Franken ten volle oortuig.

Ek het van harte met hom saamgestem; ek het immers self al gewonder wat ek met my eie werk sou aanvang, en ek het geweet van verskeie ander jong navorsers wat ywerig aan die werk was maar al kommer uitgespreek het oor wat met hulle werk moet gebeur. Dit het daarop neergekom dat prof. Franken 'n wesenlike behoefte duidelik raakgesien het, en dat hy kon reken op die ondersteuning van baie wat in die saak geïnteresseerd was. Maar dan moes die behoefte oortuigend na buite gestel word en 'n praktiese voorstel gemaak word om daarin te voorsien.

Wat dít betref, het prof. Franken ook nie agterweë gebly nie. In die <u>Stellenbossche Oudstudent</u> van September 1937 het daar 'n belangrike artikel van hom verskyn, onder die titel: <u>'n Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>. Dit was hierdie artikel, en die werk wat onmiddellik daarop gevolg het, wat vir ons die <u>Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u> gegee het. Die tyd was ryp vir die gedagte, en die mense was daar om die gedagte te dra.

Prof. Franken het in sy artikel dadelik met die deur in die huis geval: „Ek kom 'n pleidooi hou vir die uitgawe van 'n <u>Jaarboek</u>, waarin die resultate van geskiedvorsing in ons argiewe vir 'n deel

/gepubliseer .........

gepubliseer kan word." Hy kan hom die totstandkoming van so 'n publikasie alleen voorstel as dit van regeringsweë in verband met ons argiewe geskied, en daarom wend hy hom tot die Minister van Binnelandse Sake, mnr. R. Stuttaford, onder wie se Departement die administrasie van ons nasionale argiewe ressorteer.

Hy vra steun vir sy gedagte, vanselfsprekend eers en veral van die Minister, maar dan ook op 'n ruimer grondslag: van die koerante - met name van Die Burger met dr. Geyer aan die hoof - en van die Argiefkommissie „wat belas is met die toesig op die publikasie van argiefstukke". Hy wys op die vordering wat ons argiewe reeds gemaak het, op die ware taak van argivarisse en ander argiefbeamptes, en op die noodsaaklikheid van die publikasie van belangrike argiefstukke.

Hy lê egter klem daarop dat die hoofdoel van 'n argief nog nie met al sulke werk bereik word nie. „Daardie doel" - sê hy - „is nie om net geleentheid tot verwerking van die stukke te skep en die verskaf van alle hulpmiddele wat daarmee in verband staan nie". Hy laat volg: „Ek waag dit om nog 'n stap verder te gaan en te beweer dat 'n argief pas dan volkome aan sy doel, sy uiteindelike ideale doel, beantwoord as dit ook geleentheid bied om die verwerkte bronne toeganklik te maak vir 'n wyer kring deur publikasie daarvan, as andersins die geleentheid daartoe ontbreek."

Hy toon dan in besonderhede aan hoe moeilik dit gaan om wetenskaplike geskiedkundige werk, wat uit die aard van die saak nie tot die gewone man spreek nie, in Suid-Afrika gepubliseer te kry. Kort tevore - en in dieselfde tyd - het daar wel 'n paar omvangryke werke verskyn, van dr. Coenraad Beyers, dr. P.S. du Toit en myself, maar hulle is uitsonderings - „die aantal gelukkiges ....... is besonder klein."

Prof. Franken verklaar dat die Regering vir die boekjaar 1937 - '38 met die oog op die administrasie van ons argiewe, reeds die groot som

/van ........

van £11,000 beskikbaar gestel het (Ja, elf-duisend pond! - H.B. Th.) Daarom het hy vrymoedigheid om nou met sy versoek tot die Minister van Binnelandse Sake te kom, nl. „om die goeie werk wat reeds op die onderhawige gebied gedoen is, nog doeltreffender te help maak deur in die vervolg op die begroting 'n bykomende bedrag van £500 te plaas vir die uitgawe van 'n Jaarboek vir publikasie van werk wat direk gebaseer is op wetenskaplike ondersoek gedoen op die gebied van Suid-Afrikaanse geskiedenis in ons argiewe in die vier hoofstede".

Die gevraagde £500 sou uitsluitlik vir drukkoste gebruik word, want „die student en geleerde sou maar al te bly wees om sy werk sonder honorarium af te staan", terwyl, soos prof. Franken verder sê, die destydse Hoofargivaris, mnr. (later dr.) Graham Botha, en ekself in gesprekke met hom te kenne gegee het dat ons bereid sou wees om sonder enige besoldiging redaksionele pligte op ons te neem. Beskeie-lik het hy bygevoeg: „en, so nodig, bied ek ook my eie dienste in hierdie opsig aan". Wat betref die Jaarboek wat met behulp van genoemde bedrag die lig sou sien, stel hy ten slotte die belangrike vereistes: „In ieder geval moet in die Jaarboek alleen opgeneem word, bydraes, hetsy in die een landstaal of die ander, gebaseer op argiefwerk, en dit moet 'n orgaan bly van ons argiewe, 'n baie onmisbare."

Ek het vrymoedigheid geneem om hier 'n bietjie uit te wei oor die oorspronklike beskouing wat daar in verband met die Argiefjaarboek bestaan het, en by uitstek oor die siening wat prof. Franken gehuldig het. Dit is nodig om hierop te let want dit werp lig op die wesenlike karakter van die publikasie. Terselfdertyd is dit dikwels nodig om ons, in die lig van veranderde omstandighede, rekenskap te gee van wat die oorspronklike bedoeling met 'n publikasie of ander onderneming was, en as dit in verband met die Argiefjaarboek wenslik sou word, sal die voorgaande seker kan help om die nodige lig te gee.

Nadat dr. Franken sy idee wêreldkundig gemaak het, het die

/tyd ...........

tyd aangebreek dat almal wat daarvoor gevoel het en gewillig was om hand by te sit, aan die werk moes spring om dit deurgevoer te kry. Ek ag my baie gelukkig dat dit my beskore was om aan hierdie taak 'n aandeel te kon hê.

In 'n sekere sin was ons taak maklik. Die idee van 'n Jaarboek is oor die algemeen met heelwat byval begroet. Aan koerante het dit gunstige kommentaar ontlok, en verskeie invloedryke historici het dit toegejuig. Wat veral van belang was, was dat die Hoofargivaris die gedagte sterk gesteun het en dit ook met geesdrif by die Minister voorgedra het. Die klimaat was dus gunstig.

Die groot moeilikheid het egter, soos ons al te dikwels in Suid-Afrika (en ook maar in ander lande) vind, by die geld gelê. £500 was 'n groot som - en in 1937 was dit werklik 'n groot som - en waar moes dit, „in a time of financial stringency" soos die bekende amptelike standpunt so dikwels gelui het, vandaan kom? Maar prof. Franken het gelyk gehad: die fondse sou van die Regering moes kom, anders sou ons geen Jaarboek hê nie; en dit het ons geweet.

Prof. Franken en ek het Min. Stuttaford gaan spreek en 'n vurige, welsprekende betoog gelewer. Die Minister was simpatiek: hy voel saam met ons, trouens baie sterk saam met ons, en hy sou al te seker die fondse beskikbaar stel, maar ons moes ook sy probleem verstaan: dit was 'n tyd van geldskaarste, en met die beste wil van die wêreld kon hy niks belowe nie. „'n Mens kan tog nie water uit 'n klip druk nie!" - maar ons was redelike mense; dit kon ons darem verstaan.

Ons pogings het egter nie verflou nie; inteendeel, ons het dit verskerp, en ons het selfs 'n gesprek met gen. Hertzog, toe Eerste Minister, gaan voer. Sjarmante mens wat die Generaal was, het hy ons met 'n glimlag ontvang: „Dis 'n mooi gedagte; julle het 'n goeie saak. Maar ek sou verkies dat julle deur Min. Stuttaford werk".

/Ons ............

Ons het weer eens vertoë tot Min. Stuttaford gerig; en die Hoofargivaris het die Minister persoonlik ingelig. Die Hoofargivaris het ook £500 op die argief-begroting aangevra, en in 'n netjiese motivering uitgelê dat dit vir 'n Argiefjaarboek, met al die verdienstes daarvan, bedoel was.

Inmiddels het ons informeel verneem dat daar in owerheidskringe in werklikheid 'n gunstige reaksie gekom het. Dit was amper te goed om waar te wees, maar toe prof. Franken my een oggend net voor 'n klas sê dat hy kort tevore van die Hoofargivaris verneem het dat die gevraagde bedrag waarskynlik bewillig sou word, het ek meer hoop gekry.

Die eindelike uitkoms van al die voorbereidingswerk, wat eintlik tog maar in hoofsaak die werk van prof. Franken was, was dat die Regering toegestem het en dat die Minister die betrokke bedrag beskikbaar gestel het. Die Minister het ook laat weet dat hy die Hoofargivaris (mnr. Botha), die Assistent-Hoofargivaris (dr. Coenraad Beyers), prof. Franken en myself as gesamelike redaksie benoem het, met die Kaapse Argivaris, dr. P.J. Venter, as Sekretaris. Aldus is dan die owerheidsgoedkeuring verkry, en is die formele stappe afgehandel, sodat die werk van publikasie kon begin.

Die Redaksie se eerste taak was om 'n reglement vir die Jaarboek op te stel. Na heelwat bespreking en oorlegpleging is dit voltooi en aan die Minister opgestuur, wat dit, behoudens enkele wysiginge, bekragtig het. Hierin is o.a. die naam van die publikasie vasgestel, t.w. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 'n naam wat in die lig van die ontstaan van, en die doel met die publikasie, seker nie onvanpas was nie.

Die Redaksie het vervolgens geskikte materiaal vir opname versamel. Kennisgewings is in die koerante geplaas; die universiteite en universiteitskolleges het almal mededelings ontvang; en met verskeie navorsers is regstreeks in verbinding getree. Binne korte tyd was daar reeds 'n

/hele .........

hele aantal baie verdienstelike stukke werk aangebied, wat opnuut aangetoon het hoe groot die behoefte aan so 'n publikasie-middel was.

In 1938 kon die eerste jaargang van die Argiefjaarboek in twee groot dele die lig sien. Dit was 'n belangrike gebeurtenis, nie net vir die medewerkers wie se bydraes daarin opgeneem is nie, maar ook vir die Suid-Afrikaanse geskiedvorsing in die algemeen. In sy voorwoord by die eerste deel skryf die Hoofargivaris: „Researchers doing thorough scientific work in the Archives should find this a means of publishing the results of their investigations and thus make them available for others".

Deel I van 1938 het drie bydraes bevat. Twee hiervan was kort stukke, t.w. 'n bydrae van wyle prof. W. Blommaert, Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap (die eerste en enigste hoofstuk van 'n werk wat prof. Blommaert voornemens was om oor die slawerny in Suid-Afrika te skryf), en 'n bydrae van dr. P.J. Venter, getiteld The Destruction of Records in South Africa. Maar die derde was 'n groot, uitvoerige studie wat allerweë baie goed in Suid-Afrika ontvang is, t.w. prof. D.W. Krüger se doktorsdissertasie, Die Weg na die See. Deel II van 1938 is gewy aan een groot werk, t.w. Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, deur die bekende Stellenbosse navorser en dosent, dr. J. Hoge. Só het die twee dele van die eerste jaargang daaruit gesien. Dit was nie 'n slegte begin nie: die verskyning van die eerste jaargang was 'n geskiedkundige gebeurtenis; en die medewerkers wie se bydraes daarin verskyn het, het geskiedenis gemaak.

Toe die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uitbreek, en daarmee swaar eise aan fondse en mannekrag van die oorlogvoerende lande gestel is, het ook die Unie van Suid-Afrika 'n baie moeilike tyd tegemoet gegaan. Nou het fondse en voorrade (veral papiervoorrade) bitter skaars geword, en die Redaksie van die Argiefjaarboek moes 'n swaar stryd aanknoop om met die jaarlikse publikasies vol te hou. Met skrik het die Redaksie verneem dat fondse nie meer beskikbaar gestel sou kon word nie. Prof. Franken en ek het die erns van die saak begryp. Ons het geweet

/dat .......

dat as die Argiefjaarboek eers gestaak was, dit seker nie maklik weer hervat sou kon word nie, of in elk geval nie gou weer nie. Dit was egter oorlogtyd, en vir baie mense - ook mense in hoë posisies - was die Argiefjaarboek 'n blote weelde-artikel. Die toekoms het vir ons maar sleg gelyk.

Ten einde raad, en ook maar met min hoop, het ons na die destydse Eerste Minister, genl. Smuts, persoonlik gegaan. Ek kan nie sê dat hy oor-vriendelik was nie; maar hy was darem ook nie kwaad nie. Hy het ons laat verstaan dat daar 'n oorlog aan die gang was, en dat dit van elkeen verwag word om opofferings te maak, ook van hulle wat rustig en gemaklik in studeerkamers sit! Ons het ons maar dom gehou, maar het die opmerking darem goed begryp; en die Generaal was skerpsinnig genoeg om te weet dat dit raak was. In elk geval, hy sou kyk of daar iets aan die saak gedoen kon word.

Ons vertoë het nie veel opgelewer nie. In 1941 was daar nóg geld nóg papier beskikbaar, en in 1942, 1943 en 1944 was dit telkens maar weer só. Desnieteenstaande het ons geweier om te aanvaar dat die Argiefjaarboek van die baan was; ons het selfs maar volgehou om geskikte bydraes te versamel en persklaar te maak, vir geval ons weer sou kon begin en agterstallige bande sou wil inhaal. Die Burger het my in 1947 kom vra wat van die Argiefjaarboek geword het en wat die toekoms sou oplewer. Ek het die stoute skoene aangetrek om te sê dat dit weer sou verskyn, en het selfs bydraes genoem wat in toekomstige uitgawes geplaas sou word.

My antwoord was darem nie heeltemal sonder grond nie, want ondertussen het ons herhaaldelik weer vertoë tot die owerheid gerig, en teen die tyd dat Die Burger navraag gedoen het, het ek reeds uit vertroubare bron verneem dat die Regering geneë was om weer eens die nodige voorsiening te maak. Die nuus het dan ook geblyk volkome juis te wees, want omtrent 'n jaar voordat die Smuts-regering by die verkiesing van Mei 1948 die onderspit gedelf het, is aan ons meegedeel dat die

/Argiefjaarboek....

Argiefjaarboek weer kon voortgaan.

Nou kon ons soos voorheen elke jaar twee dele laat verskyn, maar dan sou daar 'n gaping van 'n hele paar jaar in die reeks wees. Om dit te voorkom het ons verkies om die agterstallige paar jaar in te haal, al moes ons dan vir verskeie jaargange slegs één deel (i.p.v. die gebruiklike twee dele per jaargang) die lig laat sien. So kom dit dat vir die jaargange 1943, 1944, 1945, 1946 en 1947 daar slegs één deel per jaar verskyn. Maar die deurlopende reeks het behoue gebly, en dit was wat ons graag wou hê.

As ons terug kyk oor die lang pad wat ons gekom het, is ons vandag opreg dankbaar. Ons het aan die begin en in die vroeë jare met ernstige moeilikhede te kampe gehad, maar ons kon dit oorkom en ons het selfs aansporing uit ons teenslae geput. Die stigters en eerste redaksielede het aan diegene wat later gekom het, iets gegee wat met toewyding en nougesetheid vir die toekoms bewaar en gekoester moet word.

Ek sluit af met dieselfde woorde waarmee ek in 1947 'n artikel oor die Argiefjaarboek afgesluit het: „Medewerkers ontvang geen honorarium nie, en redaksielede gee hulle dienste ook sonder enige besoldiging - vir almal is dit liefdeswerk, liefdeswerk in belang van ons volk en ons vaderlandse geskiedenis. Maar elkeen wat iets vir die Jaarboek doen, moet werk van 'n hoë gehalte lewer, sodat elkeen wie se bydrae daarin verskyn, kan weet dat hy in goeie wetenskaplike geselskap kom. Slegs as dit die geval is, sal die Jaarboek wees wat ons almal graag wil hê dat dit moet wees - 'n lewende, bevrugtende faktor in ons intellektuele en kulturele lewe".